## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Vrede | Crous | 11/03 |
| Jessie | Franzsen | 11/03 |
| Noya | Kemp | 11/03 |
| Transia | Neethling | 11/04 |
| Coba | van Zyl | 11/04 |
| Johanna | Kriel | 11/05 |
| Jean | Kriel | 11/06 |
| Ida | Reynecke | 11/06 |
| Freda | van Niekerk | 11/06 |
| Marina | van Zyl | 11/06 |
| Liesbet | Groenewald | 11/07 |
| André | Kühn | 11/07 |
| Ronnie | Brazier | 11/08 |
| Zak | Conradie | 11/08 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

02 November 2025

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 02/11**
09h30 L'Agulhas
Kategese
Sinodale kollekte:
Zimbabwe
**Maandag**
10h00 Projekte en Funksies
**Dinsdag**
10h00 Angs- en Depressiegroep
14h00 Klerebank
**Donderdag**
10h00 Barmhartigheid
Onse Hoop komiteevergadering
**Vrydag**
Jeugaand

**EREDIENSTYE 09/11**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Kategese
Spesiale kollekte: Gemeente

### Straatwerk

Vir enige navrae of donasies kontak asb vir Kobus Meyer. 0845142838

**Dankie vir:**

1. Ons predikante en sendelinge.
2. Mense wat bereid is om op die Kerkraad te dien.
3. Ons skriba en koster op wie se knoppie ons altyd kan druk.
4. Elke gemeentelid wat meewerk ten bate van ons gemeente.
5. Al die kategete.
6. Geloof, gesondheid en genade.
7. Die heerlike karaoke wat ons kon geniet en almal wat daarby betrokke was en dié wat dit bygewoon het.

Baie dankie vir elkeen se bemoedigende boodskappies, drukkies en gebede met die heengaan van my pa! Dank ook aan ds Franziska vir haar whatsapp gebed aan ons Rossouw en Swart familie!
Julle het soos engele van God om ons toegesak en 'n groot onverwagse seer draaglik en sagter gemaak! Ons sal en kan dit nooit vergeet nie!
Nogmaals baie dankie! Lida

**Teksvers vir die week:** Jes 1 : 18
Kom tog, laat ons die saak met die Here uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu.

## Ons bid vir...

1. Sendelinge, sodat hulle beskerm kan word teen fisiese en geestelike aanvalle. Dat hulle veilig kan wees in gevaarlike omstandighede.
2. Die krag en gesondheid om voort te kan gaan met woordverkondiging en goeie werke.
3. Voorsiening in al hulle behoeftes. Gee tog dat mense en instansies geïnspireer sal word om finansiële hulp te bied om hulle werk te vergemaklik.
4. Die oopmaak van harte om die evangelie te ontvang, te leef en te deel met ander.
5. Samewerking en eenheid en harmonie tussen sendingspanne en met plaaslike kerke waarmee hulle saamwerk. Help hulle om in liefde en genade te kan saamwerk.
6. Almal wat siek is in ons gemeente.
7. Almal wat swaarkry.
8. Seën op ons werksaamhede.

## Sinodale kollekte - ZIMBABWE

Die Gereformeerde Kerk in Zimbabwe (RCZ) se oorsprong is uit die Nederduits Gereformeerde Kerk, oftewel die Dutch Reformed Church Mission (DRCM), in Suid-Afrika. Ds. Andrew Louw was die eerste sendeling daar. Hy het in 1891 daar begin. Die eerste sendingstasie, Morgenster, is toe gestig, in die Masvingo provinsie. Die eerste sinodesitting is in 1952 gehou en in 1977 het die kerk selfstandig begin funksioneer, onder die naam African Reformed Church. Na Zimbabwe se onafhanklikheid in 1980 is die naam verander na die REFORMED CHURCH IN ZIMBABWE.
Die kerk is betrokke by etlike instansies en by sosiale uitreiking:
1. Mediese dienste: Die kerk bestuur hospitale in Gutu en Morgenster, asook baie klinieke.
2. Opvoeding: Dit bestuur 'n klomp laer- en hoërskole.
3. Spesiale Onderwys: Die Henry Murray School for the Deaf en die Margaretha Hugo School for the Blind val onder die kerk.
4. Tersiêre Onderrig: Die kerk bestuur die Morgenster Teacher's College en die Reformed Church University.
Organisatories is daar oor die 80 gemeentes en 250 huiskerke, met ongeveer 100000 lidmate vanaf 2019.
Die leierskap, bekend as die Moderamen, word by die Sinodale Byeenkoms verkies.
Die RCZ is internasionaal teenwoordig, wat gemeentes in Suid-Afrika en Engeland insluit, om Zimbabwiese immigrante te bedien.

## Vir ons kinders

### Zimbabwesending

Eendag was daar 'n paar sendelinge wat na 'n pragtige land toe gegaan het. Dié land se naam was Zimbabwe. Hule wou daar stories gaan vertel om op so 'n manier Jesus se liefde te versprei. In een van die dorpies het hulle 'n seun ontmoet, Tafadzwa. Hy was baie ongelukkig, want sy gesin wou 'n nuwe huis bou, maar hulle het nie geweet hoe nie. Die sendelinge wat self hulle hande vuilgemaak het om huise vir ander mense te bou, het presies geweet hoe om vir Tafadzwa te help. Hulle wys toe vir Tafadzwa en sy gesin hoe om 'n stewige huis van stene te bou. Saam-saam help hulle toe die gesin, wat ook gebou het, om hulle huis te bou. Eendag, terwyl die sendelinge die huis help bou het, het hulle die storie van Jordan vertel. Jordan moes fiets ry saam met sy jonger boetie, Sifa. Sifa het op die saal gesit terwyl Jordan hom huis toe gestoot het op sy fiets. Van daardie dag af het Tafadzwa en sy gesin saam met die sendelinge gewerk. Hulle het geleer dat deur jou tyd en talente te deel, hulle 'n sterker en gelukkiger toekoms vir hulle gemeenskap saam kan bou. Hier is 'n paar maniere hoe jy die mense om jou kan help:
1. Help jou buurman - dra sy pakkies uit die motor. Help hom in sy tuin.
2. Deel jou speelgoed - Dit is dikwels lekkerder as maats saam met jou speel.
3. Wees 'n goeie luisteraar - Net om te luister na 'n vriend kan hom al beter laat voel.
Onthou, om 'n sendeling te wees gaan nie net daaroor dat jy ander help of goed is vir hulle nie; dit gaan ook oor die deel van Jesus se liefde en genade wat Jesus vir ons wys.

## Doen & Deel

**SKULPIESBAAIBLOKBYEENKOMS**
Ons hou Dinsdag, 4 November, om 10h30 ‘n blokbyeenkoms in die Stuisbaaikerk. Kom geniet gerus ‘n koppie tee saam.

Die Kerkkombuis het dringend vrieskasspasie nodig vir pasteie, vleis en nog meer, tot na ons Desemberbasaar, maw die volgende 2 maande.
Is daar enigiemand wat ons asseblief daarmee kan help.
Kontak asb vir Max - 0835571300 of Edna - 0825842817 indien jy kan help.

Die Kerkkombuis het nog kerrievleis te koop teen R100per kg, in pakke van ongeveer 5kg elk.
Ons sal weer Maandag tussen 9 en 10 uur kerrievleis verkoop.

**NUWE LIDMATE**
Ons verwelkom belydende lidmaat Teresa le Roux NGK Moorreesburg.